

Kiepersol se seniors geniet uitstappie

Kiepersol se senior burgers onder leiding van Frank en Hettie Smith het hierdie jaar se program afgesluit met 'n besoek aan die Irene Melkplaas. Die plaas (in die dorp) bestaan sedert 1895 en is in die besit van die Vanderbylfamilie. Sedert 'n vorige besoek het die plaas 'n metamorfose ten goede ondergaan. Ten spyte daarvan dat dit nog nie gereën het nie, is dit groen en mooi. Die seniors het die uitstappie geniet. Die warm dag is afgekoel met 'n briesie. Die tarentale het in die lang gras op die walle van die Hennopsrivier geskuil terwyl die pragtige swart swane in die dammetjie gepronk het. Oral het die koeie hul herkoutjies geniet. Hoenders het rond gekrop en ywerig gesoek vir kossies in die gras. Daar was verbasend min vlieë.

Daar is twee eetplekke en 'n winkel. Maar nie die gewone soort nie. Daar is die "deck" by die winkel en die ou skuur waar ook buite onder die reuse eike bome ontspan kan word. Fyn watersproei help om jou af te koel. Die lekkerste ontbyt en ander etes word bedien. Die winkel is 'n inkoopfees. Daar is baie organiese tuisnywerheidprodukte te koop. Die suiwelprodukte is bo aan die lys. Dit is ook een van min plekke waar mense vars melk teen 'n redelike prys kan koop. Saterdag vlieg daar minstens 100 melkterte van die rak af.

Kiepersol se seniors was hierdie jaar baie bedrywig. Benewens drie uitstappies is daar ook twee oggendtees gereël waar massas klere en ander noodsaaklikhede aan minderbevoorregtes geskenk is. Daar is op hierdie manier aktief met Solidariteit se Helpende Handbeweging saamgewerk. Die belangrikste is egter dat geleenthede geskep is om mense bymekaar te bring om sosiaal te verkeer en saam te kuier.

(Berig deur Johann Lemmer)



Bo: Dist e lekker om onder groot eikebome ontbyt te eet!

Links: Kyk hoe skarrel hulle om moerbeie in die hande te kry.

Regs: Stille Henopsrivierstroom met pragtige swart swane met hul kenmerkende krulsterte

